

Laat ons.... (OP101)

Heb 10:19-25

18 September 2022

Laasweek het ons die einde van die formele leerstellige gedeelte van die Hebreërboek bereik. Ons het in Heb 10:1-18 gesien God het 'n effektiewe verlossingsplan. Hierdie verlossingsplan is in die boekrol opgeskryf, dit is dus deel van Sy raadsplan, wat Hy ook aan ons in die Woord bekend gemaak het. Jesus Christus speel 'n sleutelrol in hierdie verlossingsplan: Hy het mens geword met 'n menslike liggaam, en eenmalig die perfekte offer gebring, waardeur die wat geheilig word perfek gemaak word. Hulle word bevry van hulle sondeskuld asook hulle sondesmet. Al die diereoffers in die Sinaiverbond het herinner aan die behoefte van gelowiges aan hierdie perfekte offer, en daarom, toe Hy hierdie offer gebring het, het dit die afskaffing van die Sinaiverbond beteken, en het dit ook terselfdertyd die inwerkingstelling van die nuwe verbond laat realiseer. Na Hy die offer gebring het, het Hy opgevaar na die hemel waar Hy sit aan die regterhand van God. Enersyds verskyn Hy daar voor God ter wille van die gelowiges, en andersyds wag Hy daar tot al Sy vyande finaal onderwerp is, sodat Hy weer na die aarde kan kom om volle verlossing te bring.

Vandag wil ek stilstaan by Heb 10:19-25. Dit is die begin van die meer praktiese gedeelte van die boek waarin ons geleer word wat die implikasies is van al die heerlike leerstellige waarhede wat ons tot hertoe geleer het. In verse 19-21 gee die skrywer vir ons 'n kort samevatting van sekere aspekte wat ons tot dusver geleer het, en dan volg hy dit op met drie implikasies in verse 22-25 – elkeen van die implikasies word ingelei met die uitdrukking “Laat ons....”. Dit is ook die struktuur waarvolgens ek dit wil behandel.

Samevatting van sekere leerstellige waarhede (Heb 10:19-21)

Lees verse 19-20. Die skrywer begin met “Broers” – duidelik rig hy hom nou direk op sy lesers en hy trek hulle aandag deur hulle opnuut direk aan te spreek. Hy sê “Broers, ons het dus...”. Deurdadig gebruik hy die term “dus”, is dit duidelik wat nou volg vloei voort uit wat hy vantevore aan hulle geskryf het. Die basis van of die motivering vir wat hy gaan sê, kan hulle vind in dit wat hy reeds geskryf het.

Die essensie van die punt wat hy maak is dit: Ons, as broers, het deur die bloed van Jesus vrymoedigheid om in die heiligdom in te gaan. Onthou dit was die inhoud van Heb 8-9. Jesus is die Bedienaar van die ware verbondstent (Heb 8:3). Alhoewel die hoëpriester in die ou verbond net een maal per jaar in die Allerheiligste mog ingaan om versoening te doen vir sy en die volk se sondes, het dit nooit toegang vir die priesters tot die Allerheiligste bewerk nie – nee, hulle toegang was beperk tot die Heilige. Die voorhangsel het die Allerheiligste toe gehou vir die priesters. Maar Jesus het gekom as die Bedienaar van die ware verbondstent in die ware tabernakel, en met die bring van Sy volmaakte offer het die voorhangsel geskeur, en toe het Hy eenmalig in die Allerheiligste van die ware tabernakel ingegaan, en Hy is nog steeds daar. Ons het geleer die Allerheiligste van die ware tabernakel is die hemel – waar God se troon is. En Jesus is steeds daar – Hy sit aan die regterhand van God waar Hy ter wille van gelowiges voor God verskyn, en waar Hy wag tot al Sy vyande onderwerp is. Die punt van vers 19 is egter: Nie net het Jesus daar ingegaan nie, maar óns kan ook ingaan. Ons, as Nuwe Testamentiese priesters, kan ook in die Allerheiligste van die ware tabernakel ingaan, ons kan dus ook in die hemel ingaan. Vers 19 gaan selfs verder en sê ons kan met vrymoedigheid ingaan. Ek dink nie ons begryp hoe 'n vreemde gedagte dit moes wees vir iemand met 'n Joodse afkoms nie. Lede van die volk mog nie eens in die Heilige kom nie, net die priesters. En net die hoëpriester mog in die Allerheiligste ingaan. En kom ons wees eerlik: selfs hy het daar ingegaan met groot huiwering diep onder die indruk dat hy heilige grond betree, diep onder die

indruk dat hy presies moet optree soos God voorgeskryf het. 'n Mens sou dit nie beskryf as met "vrymoedigheid" nie. Nee met huiwering – en net met bloed. En dit is die punt in vers 19: Ons kan met vrymoedigheid ingaan – deur die bloed van Jesus. Ons vrymoedigheid kom deur die bloed van die perfekte offer van die Bedienaar van die ware verbondstent.

Vers 20 voeg by dat ons in kan gaan langs 'n nuwe lewende weg wat Jesus vir ons geopen het, wat selfs deur die voorhangsel gaan tot in die Allerheiligste. Hy het hierdie weg vir ons berei deur Sy liggaam. Nou moet ons weer onthou wat ons vantevore geleer het: Onthou die opstelling van die tabernakel: Ver buite die kamp woon die heidene. In die kamp woon God se uitverkore volk. In die voorhof mog die volk kom. Dit is ook waar die brandofferaltaar en die waskom staan. In die Heilige mog net die priesters kom. Dit is ook waar die lampstaander, die tafel met die toonbrode en die wierookaltaar staan. In die Allerheiligste mog net die hoëpriester kom. Dit is ook waar die verbondsark met die versoendeksel staan. Ons het mos die simboliek hiervan geleer: dit wys vir ons die pad van verlossing vir gelowiges. Hulle moet uitverkies wees om in die kamp te mag kom en dus naby die tabernakel te mag kom. Daarna moet hulle in die voorhof kom, waar die brandofferaltaar verwys na Jesus se dood aan die kruis. Hulle moet glo Hy het ook vir hulle sonde gesterf. Hulle moet hulle in die waskom gaan was in Sy bloed. Kortom, hulle moet geregverdig word deur te glo in Jesus. Dan word hulle priesters, en mag in die Heilige ingaan. Hier versorg hulle die lampe en wandel in die lig, hulle versorg die brode en eet van die brode, hulle bring wierookoffers. Hulle groei dus in heiligheid, hulle ondergaan heiligmaking. En dan, na voltooiing van heiligmaking, mag hulle in heerlijkheid in die Allerheiligste ingaan. Wat is die pad waarvolgens 'n gelowige gered word? Uitverkiesing, regverdigmaking, heiligmaking, heerlijkmaking – dit is: die kamp, die voorhof, die Heilige, en die Allerheiligste. Dit is die nuwe en lewende weg waarvan vers 20 praat.

Let op vers 20 sê Jesus het dit geopen. Ja, want Hy is die offer op die brandofferaltaar, Sy bloed is in die waskom, Hy is die lig van die lampstaander, Hy is die brood op die tafel met die toonbrode, Hy is die wierook van die wierookaltaar, en Hy is die verbondsark en Sy bloed is op die versoendeksel. Onthou jy wat Jesus op die vooraand van Sy kruisiging aan Sy dissipels gesê het toe Hy aan hulle verduidelik het Hy gaan hulle verlaat? Toe Hy vir hulle gesê hulle ken die weg na die plek waar Hy heengaan, het Thomas gesê: "Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons die weg ken?" En toe antwoord Jesus: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie" (Joh 14:6). Jesus is die weg, Hy het dit geopen. Hoekom beskryf Heb 10:20 hierdie weg as nuut? Want ons het mos gesien die weg was nie oop in die ou verbond nie – daar was nie toegang tot die Allerheiligste vir enigeen behalwe die hoëpriester nie. Maar nou met die nuwe weg kan selfs priesters ingaan. Hoekom beskryf vers 20 dit as 'n lewende weg? Wel, Jesus is die weg, en Jesus leef. Ja, Hy het gesterf – maar juis omdat Hy met Sy offer die duiwel en die dood ook oorwin het, daarom het Hy ook opgestaan en Hy leef vir ewig. Daarom is dit die lewende weg. Boonop is hierdie weg die weg wat na die lewe lei – na die ewige lewe vir die wat daarop wandel.

Lees vers 21. Nie net het ons vrymoedigheid om in te gaan op grond van die offer wat Jesus gebring het nie, nee, Hy is boonop ook die groot Priester oor die huis van God. Die Hebreërskrywer het dit tog herhaalde male onderstreep: Hy is die ware Hoëpriester – nie 'n priester uit die nageslag van Aäron nie, maar 'n Priester volgens die orde van Melgisedek. Hy is deur God self aangestel. Hy is Priester vir ewig. Trouens: Hy is Priesterkoning. Vers 21 voeg by Hy is dit oor die hele huis van God. Ons het mos gesien Hy is die vervulling van alles wat in die tabernakel plaasgevind het. Maar ons weet ook die huis van God bestaan uit alle gelowiges. En Jesus is die ware Hoëpriester vir alle gelowiges – selfs vir gelowiges wat tydens die ou verbond geleef het.

Kom ons vat saam: Verse 19-21 se punt is dat ons met vrymoedigheid in die heiligdom kan ingaan, selfs in die Allerheiligste van die ware tabernakel kan ingaan op grond van dit wat Jesus bewerk het.

Siende dat dit moontlik is om in te gaan, is sy oproep aan die broers tog duidelik: Wel, kom ons gaan in! Kom ons gaan in langs hierdie nuwe lewende weg wat Hy vir ons geopen het. Dit laat die vraag ontstaan: Ja, maar hoe gaan ons dan met vrymoedigheid in? En in verse 22-25 lig die skrywer drie implikasies uit waarop ons moet ag gee om in te gaan. Kom ons kyk na elkeen.

Laat ons ingaan met 'n opregte hart en volle geloofsekerheid (Heb 10:22)

Wat beteken dit? Onthou, ons ken die weg waarlangs ons moet ingaan: deur die voorhof, deur die Heilige, tot in die Allerheiligste. Wat vers 22 ons leer is wat ons ingesteldheid moet wees soos wat ons deur die voorhof en deur die Heilige gaan – ons harte moet opreg wees en ons moet seker wees in ons geloof.

Kom ons dink eers oor wat in die voorhof gebeur. Dit is waar die offers gebring is en die priesters hulle gewas het – in die ware tabernakel is dit dus waar Jesus gekruisig is en gelowiges hulle was in Sy bloed. As gelowiges dus ingaan deur die voorhof sal hulle seker moet maak hulle is opreg in hulle harte oortuig dat hulle sonde het, en dus nie waardig is om in te kom nie. Hulle sal in hulle harte oortuig moet wees dat Jesus die Een is wat die ware en effektiewe offer gebring het. Hulle sal absoluut vas moet staan in die geloof dat Hy die enigste effektiewe offer is. Hulle sal volle geloofsekerheid moet hê dat Hy hulle Verlosser is. Hulle sal in hulle harte oortuig moet wees dat hulle skoon gewas is in die waskom met Sy bloed. Dit is tog wat Rom 3:22-26 ons leer. Vers 22 sê God gee deur geloof in Jesus Christus geregtigheid aan elkeen wat glo. Dit is die wat glo in Jesus Christus wie se sondes weggeneem word, aan wie geregtigheid gegee word. In verse 25-26 lees ons dat Hy die versoeningsoffer is wat deur geloof verkry word. Selfs sondes wat in die verlede gedoen is – dink maar net aan die sondes van die Ou Testamentiese gelowiges, het God in Sy verdraagsaamheid oorgesien totdat Jesus Sy offer gebring het.

Heb 10:22 voeg by: ons harte moet besprinkel wees en vry wees van 'n slegte gewete. In die Ou Testament is die priesters besprinkel met olie en bloed toe hulle aan die Here gewys was as priesters (Eks 29:21). Vers 22 voeg by: ons liggeme moet gewas wees met skoon water, soos wat die priesters hulle gewas het in die waskom voor hulle in die Heilige ingegaan het. So moet gelowiges in hulle harte oortuig wees en in hulle geloof seker wees hulle is besprinkel en gewas met die bloed van Jesus. Dus: as jy wil ingaan moet jy met 'n opregte hart en absolute geloofsekerheid kan bely jy is oortuig Jesus het die volmaakte offer gebring waardeur jou sondeskuld skoon gewas is. Jy sal oortuig moet wees jy is geregverdig.

Dan mag jy in die Heilige ingaan – daar waar die lampstaander, die tafel met die toonbrode en die wieroorkaltaar is. As jy wil ingaan moet jy met 'n opregte hart jou verlustig in die lig, dit is in die Woord, en in Jesus se werk, want Hy is ook die Lig. As jy wil ingaan sal jy met geloofsekerheid ook die lig dra na ander toe. As jy wil ingaan moet jy met 'n opregte hart van die brood eet, die brood van die lewe, wat Jesus is. Jy sal jou verlustig in Hom. Jy sal Sy Woord bestudeer en jy sal gereeld die nagmaal gebruik om herinner te word aan Sy werk, sodat jy absolute geloofsekerheid het. Jy sal gereeld, voortdurend, wieroorkoffers bring. Jy sal gereeld bid. Jy sal ywerig bid. Jy sal begerig wees om te leer bid. Jy sal alleen en saam met ander bid. Onder andere sal jy bid vir 'n opregte hart en volle geloofsekerheid. As jy wil ingaan sal jy moet groei in heiligmaking deur in die lig te wandel, die brood te eet en gereeld te bid.

Kan ek opsom: As jy wil ingaan, sal jy jou moet bekeer en tot geloof kom. Jy sal met 'n opregte hart moet kan bely dat jy seker is jy kan net gered word deur geloof in die werk van Jesus Christus. En dan sal jy jou verdiep in Sy werk deur die middele wat Hy jou gegee het – jy sal Sy Woord bestudeer, jy

sal die sakramente gebruik, jy sal bid. So word jou hart steeds meer opreg, en jou geloof al sekerder. So word Sy wet al meer op jou hart geskryf.

Laat ons styf vashou aan die belydenis van wat ons hoop (Heb 10:23)

Hier roep die skrywer ons op en sê dat as ons wil ingaan moet ons styf vashou aan die belydenis van ons hoop. Kom ons besin eers oor wat dit is wat ons hoop. Wel, dit is tog om in te mag gaan in die Allerheiligste van die ware tabernakel. Dit is tog die hele punt hier: ons kan met vrymoedigheid daar ingaan. Alhoewel ons al die ware tabernakel ingegaan het, het ons nog nie die Allerheiligste betree nie. Ons as gelowiges het al deur die voorhof gegaan, toe ons tot geloof gekom het en regverdig verklaar is. Daarom het ons toegang verkry tot die Heilige. In die Heilige is ons besig om te groei in heiligmaking – met die doel om in die Allerheiligste in te gaan. Alhoewel die voorhangsel geskeur is, alhoewel Jesus reeds in die Allerheiligste, dus in die hemel, ingegaan het, het ons nog nie daar ingegaan nie. Soos wat ons 'n paar weke gelede gesien het, is die naaste wat ons daaraan kom wanneer ons bid. Soos wat die wierookaltaar op die drumpel van die Allerheiligste gestaan het, staan ons ook op die drumpel van die hemel wanneer ons bid. Maar ons is steeds in die Heilige, steeds hier op aarde. Maar ons het 'n hoop om in die Allerheiligste in te gaan. En ons kan seker wees van hierdie hoop – want ons het geleer ons ware Hoëpriester het net eenmaal in die hemel ingegaan en Hy is steeds daar. Hy verskyn daar ter wille van ons voor die Vader. Die feit dat Hy al 2000 jaar daar is, wys dat die Vader steeds behae het in die volmaaktheid van Sy offer. Daarom kan ons seker wees van ons hoop om ook eventueel in die Allerheiligste, dus in die hemel, in te gaan. Boonop het ons sekerheid om in te gaan, want as ons ingaan, skuil ons onder die effektiewe bloed van Jesus wat op die versoendeksel gesprinkel is. Ons hoop hou ook in dat ons dan perfek, volmaak sal wees – soos wat ons in Heb 10:14 geleer het.

Die punt van vers 23 is dat ons styf moet vashou aan hierdie hoop. Die vers voeg by: “sonder om af te wyk”. Hoe maak ons seker ons wyk nie af van hierdie hoop en begin twyfel nie? Ons wandel in die lig, ons eet die brood en ons bid! Hoekom help dit om in die lig te wandel en die brood te eet om nie te vervaag in ons hoop nie? Wel, onthou die Lig en die brood verwys na die Woord. Dit is as ons gereeld met erns die Woord bestudeer dat ons leer van God en Sy werk. Ons leer o.a. van hoe Hy 'n nuwe lewende weg berei het deur Sy Seun waarlangs ons wel tot in die Allerheiligste kan vorder. Ons leer van die werk wat Hy al in die voorhof verrig het, en ons kyk na ons eie lewe en sien dit het al in ons lewens gerealiseer. Ons leer van heiligmaking in die Heilige, en ons kyk na ons eie lewens en sien dit is besig om te realiseer. Ons besin hieroor en sien: God is werklik getrou! En dit is presies wat vers 21 ook sê: Hy wat die belofte gemaak het, is getrou. Dit is hoekom ons vas kan hou aan die hoop. Deur in die lig te wandel en die brood te eet, sien ons wat Hy alles beloof, en ons kan self getuig van hoe ver dit al in ons eie lewens gerealiseer het. En daarom kan ons seker wees dat die res van ons hoop ook sal realiseer.

Maar let op, vers 23 sê nie net ons moet vashou aan ons hoop nie, ons moet vashou aan die belydenis van wat ons hoop. Ons hoop moet nie iets wees wat ons net persoonlik van oortuig is nie, nee ons moet dit ook bely. Dit moet sigbaar en hoorbaar wees dat ons hiervan oortuig is. Die priesters moes nie net in die lig van die lampe wees nie, hulle moes ook die lampe versorg sodat dit lig gee. Hulle moes nie net van die brood op die tafel eet nie, hulle moes dit uitpak sodat dit beskikbaar is vir ander. So moet ons ook getuig en bely oor die hoop wat in ons lewe, sodat ander ook daarvan kan hoor.

Laat ons ons daarop toelê om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dae (Heb 10:24-25)

Met die derde “Laat ons” skuif die fokus weg van onself na ons medegelowiges. Die feit van die saak is dat gelowiges nie die nuwe lewende weg as individue bewandel nie. Ja, elkeen moet seker maak dat hy wel die pad bewandel en dat hy vorder op die pad, maar een van die genademiddele wat God vir ons gee is dat ons die pad ook saam met medegelowiges mag bewandel. Wat uit hierdie derde “Laat ons” na vore kom, is dat as ons wil ingaan, het ons ook ‘n verantwoordelikheid teenoor ons medegelowiges. ‘n Deel van die proses om in te gaan, is om ook om te sien na medegelowiges.

Ons leer ons moet mekaar aanspoor tot liefde en goeie dae. Dit impliseer dat ons na mekaar se lewens sal moet kyk – selfs krities moet kyk. Ons sal moet kyk wat dit is waarmee elkeen besig is. Ons sal moet kyk of ons medegelowiges hulle besig hou met dinge wat goed is. Wat is goeie dinge? In Rom 12:9 word ons opgeroep om te verafsku wat kwaad is, en vas te hou aan wat goed is. Die goeie dinge is natuurlik die dinge wat in lyn met God se wil is, waarin God Hom behaag. Dit is die dinge wat Hy in Sy Woord en in Sy wet aan ons bekend gemaak het as die dinge waarin Hy Hom behaag. Ons sal moet kyk of ons medegelowiges hiermee besig is. Maar ons sal dieper moet kyk: vers 24 praat van liefde en goeie dae. Ons sal dus nie net moet kyk na wat ons medegelowiges doen nie, maar ook moet kyk na hoe hulle dit doen – doen hulle dit in liefde. Maar vers 24 sê ook, om te kyk is nie goed genoeg nie: Ons sal hulle moet aanspoor tot liefde en goeie dae. Dit moet tog sekerlik beteken dat ons hulle van tyd tot tyd sal moet konfronteer as ons van mening is goeie dae of liefde ontbreek. Dit kan selfs wees dat ons dit herhaaldelik moet doen. Vers 24 sê ons moet ons daarop toelê. Dit beteken ons sal ons doelbewus moet inspan, doelbewus moet fokus daarop om ons medegelowiges aan te spoor. Ons leef in ‘n tyd van individualisme waar mense oortuig is elkeen mag doen wat hy wil – maar, daarteenoor, het gelowiges egter ‘n onderlinge verantwoordelikheid teenoor mekaar.

Wat natuurlik ook waar is, is dat as ons ons daarop moet toelê om ons medegelowiges aan te spoor tot liefde en goeie dae, het hulle ook die verantwoordelikheid om ons aan te spoor. Wanneer hulle dit doen en ons aanspoor, het ons die verantwoordelikheid om te luister na wat hulle sê, om dit selfs in dankbaarheid te doen, omdat ons verstaan hulle is in liefde besorgd oor ons. Ons luister omdat ons verstaan hulle is in gehoorsaamheid besig om hulle verantwoordelikheid na te kom as deel van die proses om in te gaan in die heiligdom.

Vers 25 voeg by dat hierdie onderlinge aansporing moet plaasvind sonder dat ons ons eie samekomste verwaarloos. Die samekomste waarvan gepraat word is natuurlik die samekomste van die gelowiges, m.a.w. die samekomste van die gemeente. Sekerlik sluit dit die formele byeenkomste van die gemeente in, maar dit is nie beperk daartoe nie. Hier word gepraat van al die samekomste. Ons kan dus dink in terme van eredienste, Bybelstudies, gebedsgeleenthede, uitreikaksies en selfs sosiale byeenkomste. Hoekom is dit so belangrik? Enersyds, want dit is tog in eredienste waar die lig van die Woord laat skyn word om ons te leer om daarin te wandel, waar die brood van die lewe gebreek word sodat ons dit kan eet, waar ons saam kan eet van die brood en drink van die wyn om herinner te word aan die werk van Jesus, om saam wierookoffers in gebed voor God te bring. Dit is tog in Bybelstudies wat ons saam die Woord bestudeer. Dit is tog in gebedsbyeenkomste wat ons saam bid. Dit is tog in uitreikaksies dat ons die Lig die wêreld inneem en die brood van die lewe na die wêreld toe neem. Andersyds, is dit tog juis in die samekomste van die gemeente dat ons mekaar as medegelowiges leer ken – beide in formele en informele samekomste. Dit tog is waar ons leer waarmee elkeen besig is. Dit is tog waar ons leer of medegelowiges besig is om in liefde goeie dae te doen. Dit is tog waar ons mekaar kan aanspoor – as groep en as individue. Die aansporing kan formeel of informeel wees.

Dit kan wees dat mense begin om die samekomste van die gemeente te verwaarloos – en dit kan veral die geval wees as hierdie byeenkomste gebruik word om mekaar dringend aan te spoor tot

liefde en goeie daad. Vers 25 voeg egter by dat wanneer dit gebeur moet ons mekaar opnuut aanmoedig om nie weg te bly nie. Trouens, vers 25 voeg by ons moet mekaar al meer aanmoedig om aan die samekomste deel te neem soos wat ons dié dag sien nader kom. Van watter dag word hier gepraat? Dit is tog sekerlik die dag van die Here, dit is die dag waarop Jesus 'n tweede maal kom. Ja, dit is die dag waarop Hy gaan kom om te oordeel. Maar dit is ook die dag waarop Hy gaan kom om verlossing te bring. Dit is die dag waarop ons hoop om in die Allerheiligste van die ware tabernakel in te gaan, ten volle sal realiseer vir al die gelowiges.

Nou, as jy die profetiese rede van Jesus gaan lees in Mat 24-25 of Luk 21, dan word dit duidelik dat daardie dag vooraf gegaan sal word deur swaar tye en verval onder die mense. Dit is juis in sulke tye dat ons as gelowiges na mekaar moet omsien en mekaar moet aanspoor om nie in te koop by die verval nie, dat ons steeds moet fokus op liefde en goeie daad. Ons staan immers dan op die drumpel om in die Allerheiligste in te gaan – daardie hoop waaraan ons so styf vashou.

Samevatting:

Jesus Christus het deur Sy offer 'n nuwe lewende weg vir ons geopen waarvolgens gelowiges kan ingaan selfs tot in die Allerheiligste van die ware tabernakel, dit is die hemel. Laat ons dan volgens hierdie weg ingaan in geloof en met opregtheid. Laat ons styf vashou aan ons hoop op die voltooiing van die pad. Laat ons mekaar aanspoor tot liefde en goeie daad totdat ons almal die einde van die weg bereik het.

Toepassings:

By wyse van toepassing, kan ek jou die volgende vra:

- Het jy die leerstellige deel van die Hebreërboek behoorlik onder die knie? Indien nie, het jy heelwaarskynlik 'n gebrekkige begrip van die werk van die Seun, en dus 'n gebrekkige verstaan van die nuwe lewende weg.
- Kan jy met 'n opregte hart en volle geloofsekerheid bely dat Jesus Christus die enigste en ook die volkome offer vir jou sonde gebring het? Indien nie, is jy nie op die nuwe lewende weg nie.
- Weet jy wat dit beteken om in die lig te wandel? Weet jy wat die brood van die lewe is? Het jy dit al geëet? Bid jy gereeld? Indien nie, kan jy nie seker wees jy is op die nuwe lewende weg nie.
- Het jy 'n hoop oor waarheen jy op pad is? Is jou hoop seker? Hoekom is jy oortuig jou hoop is seker? Is jou hoop 'n seker en vaste oortuiging dat jy die ewigheid in God se teenwoordigheid sal deurbring? Indien dit nie jou hoop is nie, of indien jy nie 'n hoop het nie, of indien jy nie sekerheid het oor wat jy hoop nie, is jy nie op die nuwe lewende weg nie.
- Is jy besorgd oor medegelowiges? Besin jy gereeld oor die daad van medegelowiges? Besin jy gereeld oor die gesindheid waarmee hulle hierdie daad doen? Spreek jy gereeld medegelowiges dringend aan oor hulle daad of die gesindheid van hulle daad? Lê jy jou hierop toe? Indien nie, is dit nie so seker of jy op die nuwe lewende weg is nie.
- Is jy aktief in die samekomste van die gemeente? Is jy gereeld in die eredienste? In die Bybelstudies? In die gebedsbyeenkomste? Selfs in die sosiale byeenkomste? Is jy aktief om op een of ander manier by te dra dat die evangelie ook weier uitgedra word? Indien nie, is dit nie so seker dat jy op die nuwe lewende weg is nie.

Hierdie vrae is belangrik, want daar is net een nuwe en lewende weg wat in die heiligdom eindig, en dit is die weg wat Jesus gebaan het deur Sy liggaam, deur Sy bloed. Net Hy is die weg. Dit is net langs

hierdie weg wat jy kan ingaan. Hierdie paar verse beskryf vir ons hoe dit lyk as iemand wel besig is om in te gaan. Daarom is dit so ernstig as wat hierdie verse leer nie tipies is van jou lewe nie.

As jy egter wel seker is jy is op die nuwe lewende weg, gebruik dan al die genademiddele wat God ons gegee het om steeds verder te vorder op die weg, om steeds vaster te gryp aan die hoop. Wag dan met sekerheid tot daardie heerlike dag aanbreek dat jou hoop om in die Allerheiligste van die ware tabernakel in te gaan, realiseer.